



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

**NOTA VIR NASIENERS:**

Hou streng by hierdie memorandum wanneer nagesien word. Die standaardiseringsproses tydens memorandumbesprekings verseker dat die memorandum die meeste moontlike antwoorde van kandidate dek. Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse verstaan en toepas. In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-beamptes/-adviseurs nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.**

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate beide vrae beantwoord het, sien slegs die antwoorde op die eerste vraag na.
- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde gee, afhangend van wat hulle in die klas behandel het.
- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word in die Fokustabel onder elke vraag ingesluit.
- Nasieners moet NIE volpunte toeken vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is NIE.
- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie.
- Wanneer paragrawe of opstelle nagesien word, gee merkies volgens die Fokustabelle en neem die kognitiewe vlak vereis, in ag.
- Gebruik die beskikbare rubrieke om die puntetoekenning na te gaan en te bevestig.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

**LET WEL:** Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 1 en VRAAG 2.
Sien slegs die EERSTE antwoord na indien kandidate beide vrae beantwoord het.

### VRAAG 1: SKELET (Keusevraag)

| **FOKUS VAN VRAAG** *+ kognitiewevlak-beskrywers* | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skelet** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 1.1, 1.2 Benoeming + identifisering (onthou) | √ | | | | 5 | | |
| 1.3, 1.4 Dele van die ruggraat + anatomiese aksies (herken en identifisering) | √ | | | | | 5 | |

1.1 A Humerus (1)
B Sternum (1)
C Patella (1)

1.2 D Appendikulêre skelet (1)
E Asskelet (1)

1.3 Kandidate moet die DRIE beweeglike dele van die ruggraat identifiseer in enige volgorde.
- Servikaal/nek (1)
- Torakaal/bors (1)
- Lumbaal/lae rug (1)

1.4 Noem enige TWEE **anatomiese aksies**. Moet NIE 'n punt toeken indien verkeerde terminologie gebruik is NIE, bv. buiging.
- Fleksie
- Ekstensie
- Laterale fleksie
- Rotasie (2)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2: SPIERE, GEWRIGTE EN AKSIES (Keusevraag)**

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Spiere, gewrigte en aksies** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 2.1 Benoem + anatomiese aksies (onthou) | √ | | | | 5 | | |
| 2.2, 2.3, 2.4 Benoem + anatomiese aksie (toepas) | √ | | | | | 5 | |

2.1 2.1.1 A Pectoralis Major (1)

B Rectus Abdominis (1)

C Quadriceps (1)

2.1.2 D Dorsi-fleksie of Plantaar-ekstensie (1)

E Ekstensie/Ekstensie van die elmboog (1)

2.2 2.2.1 **Enige EEN van die volgende:**
- Abduksie
- Laterale/Uitwaartse/Eksterne rotasie (1)

2.2.2 **Enige EEN van die volgende spiere:**
- Iliopsoas
- Sartorius
- Gluteus Maximus
- Uitwaartse roteerders
- Tensor Fasciae Latae (1)

2.3 2.3.1
- Plantaar-fleksie/Dorsi-ekstensie (1)

2.3.2 **Enige EEN van die volgende spiere:**
- Gastrocnemius
- Soleus
- Flexor Digitorum Longus
- Flexor Digitorum Hallucis Longus
- Tibialis Posterior (1)

2.4 **Enige EEN van die volgende spiere:**
- Erector Spinae
- Quadratus Lumborum
- Eksterne Oblique
- Interne Oblique (1)

**[10]**

**VRAAG 3: FIKSHEIDSKOMPONENTE**

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Fiksheidskomponente** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 3.1.1 Ontwikkel uithouvermoë (noem) | √ | | | | 3 | | |
| 3.1.2 Invloed van uithouvermoë (ontleed) | √ | | | | | 2 | |
| 3.2 Gebrek aan soepelheid (toepas) | √ | | | | | 2 | |
| 3.3 Statiese/Dinamiese | √ | | | | | | |
| Definisie | | | | | | 2 | |
| Doel | | | | | | | 2 |
| Voordele | | | | | | | 2 |
| Voorbeelde/Toepas | | | | | | 2 | |

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**Baie verskillende antwoorde sal gegee word.**
**Evalueer die kandidaat se kennis/begrip en die gepastheid/geskiktheid van sy/haar antwoord.**

3.1 3.1.1 **Kandidate moet enige DRIE maniere om kardiovaskulêre uithouvermoë te ontwikkel buite die dansklas noem, bv.**

- Stap of draf skool toe
- Fietsry
- Swem
- Die trappe ophardloop
- Naellope/Hardloop
- Touspring
- Sosiale dans
- Aërobiese oefeninge
- Ander geskikte voorbeelde
- Klasoefeninge/Oefeninge = ½ punt

(3)

3.1.2 **TWEE maniere waarop kardiovaskulêre uithouvermoë 'n danser se opvoering/danswerk/uitvoering positief kan beïnvloed.**
**Nota aan nasieners: as leerder dit van ‘n negatiewe benadering beantwoord, evalueer die antwoord en ken ½ punt toe.**

- Dansers kan langer en beter (gehalte) repeteer of optree/dans omdat die spiere aanhoudend van suurstofryke bloed voorsien word wat nodig is om te dans/op te tree.
- Verminder moegheid: Soos 'n danser fikser word, kan hy/sy meer as vantevore doen, vir langer tye werk en ook die liggaam harder laat werk.
- Verbeter konsentrasie: Die danser kan op die klas/roetine fokus en nie op hoe moeg die liggaam is nie.
- Die verskaffing van suurstof na alle dele van die liggaam versterk die immuunstelsel wat die kans om siek te word verminder en die herstelkoers verhoog.

- Verlaag die risiko van beserings: Die verstand is op tegniek gefokus en bedag op veranderde omstandighede en hoef nie bekommerd te wees oor hoe moeg die liggaam en spiere voel nie.
- Laat dansbewegings moeiteloos lyk. Wanneer die spiere nie aanhoudend van suurstof voorsien word nie, begin hulle so swaar soos lood voel.
- Die danser sal nie uitasem raak nie. Die longe sal sterker geword het en dieper kan inasem.
- Kan beweeg en rigtings verander (ratsheid). (2)

3.2 **Verduidelik TWEE maniere waarop 'n gebrek aan soepelheid 'n danser se opvoering/danswerk/uitvoering kan beïnvloed.**

- Gebrek aan soepelheid sal jou bewegings beperk en jy sal nie met gemak kan dans/optree nie.
- Dit maak die risiko vir beserings soveel groter aangesien jy jou liggaam bo die normale omvang van beweging kan druk/dryf wat die gewrigte en spiere kan ooreis.
- Dit kan verkeerde liggaamshouding en postuur veroorsaak as gevolg van styfheid in die heupgewrigte en pelvis.
- Dit kan emosionele omwenteling veroorsaak soos depressie omdat daar 'n gebrek aan soepelheid is.
- Dit kan die danser se bewegingswoordeskat beperk omdat hy/sy nie komplekse bewegings sal kan maak nie.
- Sal nie in staat wees om so maklik van een posisie na ‘n ander te beweeg nie.
- Enige ander aanvaarbare antwoord.

(2)

3.3 Kandidate moet die tabel in hulle antwoordeboeke kopieer en die rolle en voordele van statiese en dinamiese strekwerk in die dansklas vergelyk.
Gebruik professionele oordeel wanneer die kandidaat se vergelykings nagesien word aangesien daar baie maniere is waarop die antwoord aangebied kan word.
Kandidate moet EEN voorbeeld van elke tipe strekwerk (staties en dinamies) wat in die dansklas gebruik kan word, noem.
*Ken 1 punt vir elke definisie, doel, voordeel en oefening toe = 8 punte*
Moenie die kind benadeel as die tabel nie oorgetrek is nie.
**Nota aan nasieners: Lees die volle antwoord en evalueer die antwoord alvorens jy merk. Antwoord kan versprei wees onder die hofies in verskillende volgorde. Moenie dieselfde antwoord twee maal bepunt nie. Wanneer u die voorbeelde nasien, evalueer of die leerder die verskil verstaan tussen statiese en dinamiese strekwerk.**

| STATIESE STREKWERK | DINAMIESE STREKWERK |
|---|---|
| **Definisie: (1 punt)**<br>By statiese strekwerk is geen beweging betrokke nie./Jy neem 'n posisie in en hou dit met geen hulp behalwe die krag van jou spiere wat spesifieke spiergroepe teiken nie. | **Definisie: (1 punt)**<br>Dinamiese strekwerk behels die volle bewegingsomvang van die liggaam tydens 'n beweging. |
| **Doel/Rol: (1 punt)**<br>Die rol van statiese strekwerk in die dansklas is om soepelheid te ontwikkel. Hierdie tipe strekwerk word gewoonlik aan die einde van die dansklas gedoen en help die danser om af te koel en ook om spanning in die spiere vry te stel. | **Doel/Rol: (1 punt)**<br>Die rol van dinamiese strekwerk in die dansklas is om tydens die dansklas soepelheid en 'n groter bewegingsomvang te ontwikkel wat dus tegniek en kompleksiteit van beweging verbeter. |
| **Voordele van hierdie tipe strekwerk: (1 punt)**<br>Die voordeel van statiese strekwerk is dat dit stadig en beheersd is en dat daar minder kans is vir beserings om plaas te vind. | **Voordele van hierdie tipe strekwerk: (1 punt)**<br>Die voordeel van dinamiese strekwerk is dat dit as deel van die opwarming aan die begin van die klas gebruik kan word./Dit kan aangenamer wees aangesien die fokus op die beweging en nie op die strekwerk is nie. |
| **Voorbeeld van 'n statiese strek: (1 punt)**<br>Sit op die vloer met die bene uitmekaar en buig die liggaam na die vloer toe./Split. | **Voorbeeld van 'n dinamiese strek: (1 punt)**<br>Hoë veebewegings met die bene/ skoppe/grand battements, ens. |

(8 x 1) (8)
**[15]**

## VRAAG 4: BESERINGS

| FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers* | ONDERWERPE | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beserings: Ligament/tendinitis/BRYKE ('PRICE')** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 4.1 Definisie van ligament (herken) | √ | | | | 1 | | |
| 4.2 Definisie van sening (herken) | √ | | | | 1 | | |
| 4.3 Wat is tendinitis (herken) | √ | | | | 1 | | |
| 4.4 Oorsake van tendinitis (beskryf) | √ | | | | | 2 | |
| 4.5 BRYKE ('PRICE') (toepas) | √ | | | | | 5 | |

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

4.1 **Definisie van 'n *ligament***
Ligamente is sterk bindweefselbande wat been aan been by gewrigte heg, soos jou heupgewrig, kniegewrig of enkelgewrig./Bindweefsel wat bene heg om 'n gewrig te vorm. (1)

4.2 **Definisie van 'n *sening***
Enige onelastiese band van sterk bindweefsel wat die spier aan die been heg. (1)

4.3 **Beskrywing van tendinitis**
Dit is ontsteking/inflammasie/swelling van die sening. (1)

4.4 **Kandidate moet enige TWEE oorsake van tendinitis beskryf.**
- **Oorgebruik** is wanneer te veel van die sening vereis word sonder dat dit toegelaat word om self te herstel. Dit lei tot 'n ontsteekte sening.
- **Verkeerde tegniek**, bv. swak houding/postuur en liggaamslyn, soos voete wat rol en swak springtegniek, lei tot ooreising van die sening.
- **Nuwe skoene** wat heeltemal te styf sit of linte wat te styf om die enkels vasgebind is, beperk die beweging van die Achilles-pees/sening.
- **Trauma** – senings kan ook ontsteek na 'n traumatiese besering. Skerp beweging en dans op betonvloere, -teëls en/of oppervlakke wat nie geveer is nie, kan 'n inflammatoriese reaksie binne die sening veroorsaak.
- Enige ander gepaste oorsake. (2)

4.5 **BRYKE - VRYKE ('PRICE') – Indien die kandidaat slegs die woord sonder die verduideliking verskaf, *ken ½ punt toe.***

***PRICE = prevention/protection/physiotherapy***
***rest***
***ice***
***compression***
***elevation***

- **Beskerm/Voorkom/Fisioterapie:** Beskerm die beseerde area teen verdere beserings, bv. deur 'n stut te gebruik/voorkom 'n besering deur die begrip en toepassing van veilige danspraktyke/besoek fisioterapeut om onsteking te verminder, ens. (1)
- **Rus:** Stop die aktiwiteit wat die besering veroorsaak het en laat die beseerde gewrig of spier rus. Vermy aktiwiteit vir die eerste 48 tot 72 uur nadat die besering opgedoen is. Besoek jou kliniek of dokter vir 'n professionele opinie indien nodig. (1)

- **Ys:** Vir die eerste 48 tot 72 uur na die besering, sit ys in 'n klam handdoek toegedraai, op die beseerde area vir 15 tot 20 minute elke twee tot drie uur gedurende die dag. (1)
- **Kompressie:** Verbind die beseerde area met 'n drukverband om enige swelsel en beweging te beperk wat dit verder kan beskadig. Jy kan 'n crêpeverband of 'n eenvoudige rekbare buisverband gebruik. Die verband om die beseerde gewrig moet nie te styf wees nie. Verwyder die verband wanneer jy gaan slaap. (1)
- **Elevasie:** Hou die beseerde area in die lug, ondersteun deur 'n kussing, om te help om die swelsel te verminder. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: KONSENTRASIE EN STEREOTIPERING

Baie verskillende antwoorde/opinies/menings sal gegee word. Evalueer die kandidaat se kennis/begrip en die geskiktheid/gepastheid van sy/haar antwoord.

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Konsentrasie en stereotipering** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 5.1 Konsentrasie (motiveer) | √ | | | | | | 2 |
| 5.2 Stereotipering (redeneer) | √ | | | | | | 3 |

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
Met kolpunte geskryf om te help met nasien.

5.1 **TWEE redes moet verskaf word = 1 punt elk.**

- Om die vereiste tegniek te verstaan en toe te pas
- Om nuwe dansvaardighede, bewegings en kombinasies te leer
- Om fokus te verseker
- Dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n danser se geheue sodat die gehalte van die opvoering/danswerk verhoog sal word
- Wanneer daar saam met ander gedans word, maak hulle staat op jou konsentrasie om 'n groepdoelwit te behaal/bereik
- Om bewus te wees van die ander dansers wat die ruimte deel en ander mense se liggame met respek en sorg te behandel
- Konsentrasie is belangrik vir beheer en dissipline om die risiko van beserings te verminder
- Konsentrasie is belangrik om foute en swak oordeel te vermy
- Enige ander geskikte antwoorde (2)

5.2 **Kandidate moet redeneer oor wat 'n ideale liggaamsbou vir 'n danser is.**
Die kandidaat kan 'n opinie, ja of nee, gee of beide kante van die argument vir die ideale liggaamsbou insluit. Selfs al stem die nasiener nie met die opinie saam nie, moet die kandidaat punte kry as hy/sy sy/haar redes kan motiveer. Moet NIE punte toeken vir laevlak-, oppervlakkige antwoorde nie. Indien kandidaat beserings en gestremdheid met mekaar verbind, evalueer antwoord en ken punte toe waar nodig.

**Moontlike redenasie/argument:** ***Nee, daar is nie 'n ideale liggaamsbou vir 'n danser nie.***

- Almal het 'n spesifieke liggaamsbou wat grootliks oorgeërf is. Dansers kan nie hulle beenstruktuur verander nie en daarom moet daar nie teen hulle gediskrimineer word nie en hulle moet nie ontmoedig word om as gevolg van hulle fisiese voorkoms nie te dans nie.
- Enigeen kan dans, verbind dit aan loopbane/ gesondheidsvoordele/ oefening.
- 'n Fikse, sterk, gesonde liggaam is die belangrikste ding vir 'n danser as gevolg van die eise wat hierdie kunsvorm aan die liggaam stel – nie die tipe liggaamsvorm nie.
- Dansers word aangemoedig om 'n liggaam met 'n optimale gesonde gewig te hê, nie 'n onrealistiese liggaamsgewig volgens stereotipering nie. Dit kan baie ongesond wees en tot allerhande probleme soos lae selfagting/eie waarde, eetversteurings, ens. lei.
- Party dansers is fisies gestremd en kan professioneel optree wat enige aanspraak dat daar 'n ideale liggaamsbou vir dansers is, weerlê.

**Moontlike redenasie/argument:** ***Ja, daar is 'n ideale liggaamsbou vir 'n danser.***

- Klassieke ballet vereis dat vroulike dansers baie min weeg aangesien hulle op puntskoene ('on pointe') optree/dans en oormatige gewig op hulle tone en enkels hulle optrede/opvoering/danswerk sal beperk.
- Klassiekeballet-dansers moet hoë voetrûe/sterk soepel voete hê anders sal hulle nie met puntskoene ('on pointe') kan dans nie.
- Klassieke ballet het 'n estetika dat dansers maer en eteries is/daag swaartekrag uit.
- Klassiekeballet-tegniek is gegrond op uitdraai van die voet dus moet dansers 'n natuurlike uitdraai van die bene hê.
- Vroulike klassiekeballet-dansers moet baie soepel wees om die vereiste bewegings vir hierdie dansvorm uit te voer, dus moet dansers van nature soepel wees.

**Moontlike redenasie/argument:** ***Ja en nee vir die ideale liggaamsbou vir 'n danser.***

Kandidate kan ja vir sekere dansstyle pleit/aanvoer en nee vir ander dansstyle. Professionele oordeel moet gebruik word om die kandidaat se argument te evalueer. (3)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID**

**VRAAG 6: OPVOERRUIMTES EN DANSVERWANTE LOOPBANE**

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Loopbane en opvoerruimtes** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 6.1 Opvoerruimtes (identifisering) | | √ | √ | | 1 | | |
| 6.2 Gebruik in choreografie (verduidelik) | | √ | | | | 3 | |
| 6.3 Loopbane (noem en beskryf) | | | √ | | 3 | 3 | |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

6.1 Prosceniumboogverhoog/Prosceniumverhoog (1)

6.2 **MOONTLIKE VOORDELE VAN 'N PROSCENIUMBOOG-VERHOOG:**
**Moet NIE punte vir EENwoord-antwoorde toeken NIE. Kandidate mag oor hulle eie choreografieë of 'n professionele danswerk wat hulle gesien/bestudeer het, skryf.**

- Dit is 'n tradisionele verhoog want dit het 'n openings-/aanvangsboog wat die gehoor van die dansers skei – dit skep 'n gevoel dat die gehoor waarneem en nie aan die opvoering deelneem nie.
- Dit het 'n siklorama waarop prente/beelde/beligting geprojekteer kan word terwyl die dansers dans. Dit kan 'n stemming vir die dans skep of dit kan as agterdoek/agtergrond vir die inkleding van 'n sekere toneel gebruik word.
- Dit kan ook 'n swart doek aan die agterkant hê sodat die dansers nie oor die verhoog hoef te hardloop om na die ander kant te kom nie, maar daaragter kan deurhardloop.
- Hierdie tipe verhoog het syverhoë wat die dansers kan gebruik om op die verhoog te gaan of om af te gaan of om groot rekwisiete op of af van die verhoog te kry.
- Dit kan skerms hê, d.i. houtrame wat gewoonlik met geverfde lap bedek word om mure of skeidings op die verhoog te skep.
- Dit maak bewegingsaanwysings en projeksie vir die dansers baie duidelik.
- Enige ander geskikte antwoorde. (3)

6.3 **DRIE LOOPBANE IN DIE TEATER MOET VERSKAF WORD.**
**Noem drie produksieloopbane = 3 punte laag**
**Beskryf die drie produksieloopbane = 3 punte medium**
**Kandidate moet die kernfunksie van elke loopbaan duidelik beskryf. MOENIE volpunte vir vae antwoorde gee NIE.**
Aanvaar antwoorde oor enige loopbaan wat met 'n dansteaterproduksie verband hou.
**VOORPORTAALBESTUURDER** (1)

- Lid van teaterbestuur, verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van die voorportaal/voorverhoogarea (in teenstelling met die agterverhoogareas).
- Kan toesig hou oor die loket waar kaartjieverkope sal plaasvind, enige handelsware-/verversingstalletjies asook bestuur en beheer van die plekaanwysers en enige deel van die gebou wat die publiek tydens hulle besoek aan die teater kan betree.

- Koördineer die begin van die vertoning/opvoering met die verhoogbestuurder en teken die tye waarop die opvoering begin en eindig aan asook die grootte van die gehoor (aantal mense wat die opvoering bywoon).
- Wanneer 'n brand uitbreek of enige ander noodtoestand ontstaan, neem hy/sy beheer. (1)
- Enige ander geskikte antwoorde. (1)

**VERHOOGBESTUURDER**
- Bestuur/Beheer alles wat op en agter die verhoog gebeur, soos die dekor/toneelskikking en die rekwisietveranderinge (deur handlangers gehelp), en sal ook met die klank- en beligtingstegnici kommunikeer.
- Die verhoogbestuurder ('SM') dra gewoonlik 'n kopfoon ('headset') gedurende die opvoering en lei/bestuur lede van die geselskap en span om te verseker dat alle aspekte van die produksie, soos klank- en beligtingseine, die plasing van stelle en dekor op en af van die verhoog, en die afgaan en opgaan van die dansers/kunstenaars op die regte tyd en volgens die choreograaf se instruksies, uitgevoer word.
- Die verhoogbestuurder is ook verantwoordelik vir die veiligheid van die dansers/kunstenaars en die span terwyl hulle in die teater is. (1)
- Enige ander geskikte antwoorde. (1)

**BELIGTINGSONTWERPER/-MEESTER**
- Skep beligting wat die beweging komplementeer en uitlig/beklemtoon.
- Wanneer die ligte gehang en ingestel is, kan individuele beligtingseine gewoonlik op 'n gerekenariseerde beligtingsbord geprogrammeer word. (1)
- Die beligtingsontwerper werk nou met die choreograaf saam.

**ANDER LOOPBANE WAT INGESLUIT KAN WORD:**
- Beligtingstegnikus/ Bestuurder
- Klanktegnikus/ Bestuurder
- Stelontwerper
- Kostuumontwerper
- Handlanger
- Plekaanwyser
- Kaartjieverkope
- Danskaptein
- Garderobebestuurder/-meester
- Openbare betrekkinge
- Choreograaf
- Direkteur/ Artistieke Direkteur/ Tegniese Direkteur

**[10]**

## VRAAG 7: INHEEMSE AFRIKA-DANS

| FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers* | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inheemse dans** | **1** | **2** | **3** | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| Naam en Oorsprong (onthou) | | | √ | | | |
| Funksies van die dans (onthou) | | | √ | 4 | | |
| Bewegings (identifiseer) | | √ | √ | | 2 | |
| Simboliek (ontleed) | | √ | √ | | | 3 |

**Kandidate sal baie moontlike antwoorde verskaf afhangend van die dans wat hulle bestudeer het.**

**Kandidate MOET DIE NAAM VAN DIE DANS INSLUIT sodat die nasieners hulle kennis van inheemse Suid-Afrikaanse dans beoordeel. Gee 1 punt vir die naam verskaf. As die naam uitgelaat is, evalueer of die inligting van toepassing op die spesifieke dans is.**

**Daar kan oor gewilde of seremoniële/klassieke dansstyle geantwoord word.**
**Vermy die toeken van punte vir vae, onbeduidende, eenwoord-antwoorde.**
**MOET NIE VOLPUNTE TOEKEN VIR LAEVLAK-, HERROEPTIPE ANTWOORDE NIE.**
**ANTWOORDE KAN DIE VOLGENDE INSLUIT:**

***LAEVLAKANTWOORDE***
- **Naam van die dans, indien nie, minus 1 punt**
- **Oorsprong. Dit kan insluit:**
  - Waar die dans vandaan kom
  - Die kulturele groep by wie dit ontstaan het
  - Die deelnemers
- **Funksie/Doel van die dans. Dit kan insluit:**
  - Waarom word dit opgevoer
  - Wanneer word dit opgevoer
  - Vir wie word dit opgevoer
  - Geslag van wie dit opvoer/deelnemers/ouderdom

***MEDIUMVLAKANTWOORDE***
- **Bewegings. Dit kan insluit:**
  - Groepsformasies
  - Gebruik vasgestelde bewegings
  - Improvisasie
  - Gebruik arms/bene/bolyf
  - Beginsels van Afrika-dans

***HOËVLAKANTWOORDE***
- **Simboliek. Dit kan insluit:**
  - Gebare
  - Kleure
  - Bewegings
  - Rekwisiete

**[9]**

## VRAAG 8: IMPROVISASIE EN KOMPOSISIE

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Improvisasie/Multimedia/Dansruimte** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 8.1 Definisie (onthou) | | √ | | | 4 | | |
| 8.2 Improvisasie (ontleed) | | √ | | | | 3 | |
| 8.3 Tegnologie (regverdig) | | √ | | | | | 4 |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

8.1 8.1.1 D (1)

8.1.2 A (1)

8.1.3 B (1)

8.1.4 C (1)

8.2 **Kandidate moet die waarde van improvisasie in die ontwikkeling van kreatiwiteit en/of uitdrukkingsvolheid ontleed.**
***MOET NIE ENIGE PUNTE VIR EENWOORD-ANTWOORDE TOEKEN NIE.***
**'n Paragraaf word vereis. Gebruik professionele oordeel wanneer hierdie antwoord nagesien word aangesien baie moontlike konsepte deur kandidate aangebied kan word, afhangend van wat hulle onderrig is.**
**Moontlike antwoorde kan een van die konsepte of 'n kombinasie van die twee insluit.**
Kolpunte is gebruik om met nasien te help.
**Ontwikkel kreatiwiteit:**
- Help om 'n nuwe bewegingswoordeskat te bedink/uit te vind en te ontwikkel/vertrou nie net op ou bekende passies nie.
- Help met die ontwikkeling van kreatiewe nuwe maniere om ruimte te gebruik/gebruik ander verhoogruimtes.
- Skep nuwe maniere om te beweeg deur klein stimuli, soos rekwisiete, visuele beelde, ens. in te bring.
- Ontwikkel probleemoplossingsvaardighede en die vermoë om vinnig te dink/dink op kreatiewe manier.
- Stel jou in staat om met eie beweging te eksperimenteer en om dansstyle saam te smelt en te meng om nuwes te skep.
- Enige ander geskikte antwoorde.

**Ontwikkel uitdrukkingsvolheid:**
- Ontwikkel uitdrukkingsvolheid deur sin te maak uit beweging en deur ervaringsverkenning.
- Om met veranderende tempo's/ritmes/musiek te eksperimenteer, sal die uitdrukking van bewegingsgehalte beïnvloed, bv. musikaliteit/dinamiek, ens
- Ontwikkel selfvertroue deur met nuwe idees te eksperimenteer en om nie te wag om gewys te word hoe om iets te doen nie (spontaneïteit).
- Laat interaksie met ander dansers toe op verskillende en betekenisvolle wyses – om jou gevoelens te kan uitdruk/ontwikkel vertroue en reageer op ander, omdat jy met improvisasie nie weet wat volgende gaan gebeur nie.
- Enige ander geskikte antwoorde. (3)

Kopiereg voorbehou 

8.3 **Kandidate moet motiveer waarom hulle die TWEE voorbeelde sou gebruik.**
***MOET NIE ENIGE PUNTE VIR EENWOORD-ANTWOORDE TOEKEN NIE.***
**Ken 2 punte toe vir elke voorbeeld verskaf. Indien meer as twee voorbeelde ingesluit word, sien slegs die eerste twee na.**
Kolpunte is gebruik om met nasien te help.

8.3.1 **SELFONE**

- Selfone kan gebruik word om 'n video van 'n bewegingsekwens op te neem of om dit te fotografeer.
- Dit sal die choreograaf/dansers help om te onthou wat gedurende repetisies ontwikkel is.
- Om 'n spesifieke beweging wat jy probeer verbeter, op te neem, kan jou help om te ontleed hoe om die beweging te verbeter.
- 'n Sekwens kan aan dansers wat 'n repetisie gemis het, gestuur word, sodat hulle vir die volgende repetisie kan voorberei.
- Musiek kan op selfone afgelaai word/deur selfone gespeel word, ens. (2)

8.3.2 **REKENAARS/INTERNET**

- Die meeste skole het toegang tot rekenaars waarop jy vloerpatrone vir choreografie kan ontwerp.
- Stelle en beligting kan ontwerp/vertoon word.
- Die Internet kan inspirasie asook nuwe idees of huidige tendense/neigings in choreografie verskaf.
- Die Internet kan 'n breedvoerige ontleding van verskillende benaderings tot choreografie verskaf.
- Deur 'n program van die Internet af te laai, kan jy die volgende doen:
  - Skets jou choreografiese idees deur 'n verskeidenheid dansfigure te gebruik.
  - Bespaar tyd deur sekwense te meng, bymekaar te pas en saam te smelt met gebruik van 'n sagtewareprogram genoem 'Dance Forms' wat bestaande biblioteke en pallette oor dansbewegings bevat.
  - Gebruik die baie innoverende kenmerke om jou dans driedimensioneel te maak.
  - Laai musiek af./Kry toegang tot musiek. (2)

**[11]**

**LET WEL:** Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10.
Sien slegs die EERSTE ANTWOORD na indien die kandidaat beide vrae beantwoord het.

**VRAAG 9: SUID-AFRIKAANSE DANSWERKE – *FOUR SEASONS* (Keusevraag)**

Baie moontlike faktore sal deur kandidate genoem word. Die antwoord moet in opstelformaat wees en met die aanhaling verband hou:

> *Die beroemde Suid-Afrikaanse choreograaf, Gregory Maqoma, gebruik die sikliese patroon van die seisoensveranderinge in Four Seasons om die groei en agteruitgang en die warm hoogtepunte en koue laagtepunte van die mens se gees uit te beeld. Maqoma dra ook 'n globale boodskap oor van hoe die wêreld aan die genade van mensehande oorgelaat is.*

Gebruik professionele oordeel wanneer punte vir hierdie vraag toegeken word. Lees die hele antwoord en gebruik die rubriek om dit te evalueer.

| **FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***Four Seasons* – Suid-Afrikaanse danswerk** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| Sinopsis/Bedoeling van die dans (beskryf) | | | √ | | 4 | | |
| Produksie-elemente (ontleed) | | | √ | | | 8 | |
| Bewegingswoordeskat (ontleed) | | | √ | | | | |
| Simboliek (vertolking) | | | √ | | | | 4 |

**ANTWOORDE KAN DIE VOLGENDE INSLUIT:**

- Beskrywing van die sinopsis/bedoeling van die dans om te verduidelik hoe die boodskap oorgedra is

- Produksie-elemente: Verduidelik hoe die boodskap volgens die aanhaling oorgedra is:
  - Beligting
  - Teaterskikking/Verhoogskikking
  - Kostuums
  - Spesiale effekte
  - Musiek
- Bewegingswoordeskat: Verduidelik hoe die boodskap volgens die aanhaling oorgedra is:
  - Dinamiek
  - Gebare
  - Motiewe
  - Choreografiese elemente
  - Style

- Simboliek: Verduidelik hoe die boodskap volgens die aanhaling oorgedra is:
  - Kleure
  - Musiek
  - Woorde
  - Kostuums
  - Projeksies op die siklorama

**[16]**

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD:**

Maqoma skryf *Four Seasons* om bewustheid te skep van hoe ons as mense stadig besig is om die aarde te vernietig. Hy wou die skoonheid en belangrikheid van die natuur, kulture en tradisies vier. Hy het die vier seisoene gebruik om die sikliese patroon van die lewe te simboliseer en elke seisoen met wedergeboorte, groei, verwoesting, kleure, stemming en verhoudings in verband gebring.

Hy het die aandag op kwessies soos klimaatsverandering en op die gevolge van ons dade gevestig. Die dans begin in die winter en beweeg deur die lente en die herfs en eindig met die somer. Die seisoene word nie in volgorde uitgebeeld nie, maar is geskommel om die stuk op 'n hoë noot met die somer te eindig.

Die bewegings en die beligting is sommige van die instrumente wat hy gebruik om sy idees te kommunikeer. Die winter-bewegings is heftig, ongelyk, skerp en anoniem met sterk marsjeerdery in reguit rye, met donker kapmantels aan wat die gesigte bedek. Daar word baie geval, gerol en opgelig/gehys in 'n somber grys-verligte atmosfeer. Die musiek is deurdringend en verontrustend.

Soos wat die dansers groepeer en die donker mantels uittrek/laat val, sien ons hoe gemoedere opgebeur word en bespeur 'n warm speelsheid/vrolikheid soos hulle die natuur in die lente vier. Die bewegings is meer liries, dieragtig, voëlagtig en humoristies en put inspirasie uit Afrika- en kontemporêre dansstyle. Die kostuums is ligpienk en blomagtig en die atmosfeer is vreugdevol.

Die herfs-kostuums, die bewegings en klank wat lyk en klink asof dit deur die wind rondgeruk en -gepluk word en die videoprojeksie simboliseer die blare wat verbruin, verandering, chaos en gesukkel.

Ten slotte word die somer as lewendig/dinamies uitgebeeld met rooi kostuums, 'n groen agtergrondprojeksie van Afrika en sensuele dans op Brasiliaanse samba-musiek. Die woorde van Louis Armstrong se lied, *What a wonderful world,* op die skerm sweep die dansers stadig op na 'n gevoel van verwondering en hoop op vrede en vernuwing. Die boodskap van die dans is universeel en simboliseer ons globale verantwoordelikheid om saam ons planeet op te pas.

**NASIENRUBRIEK**

| 0–5 | 6–10 | 11–13 | 13–14 | 15–16 |
|---|---|---|---|---|
| Die kandidaat toon min begrip van die dans en kan nie die danswerk vertolk nie | Die kandidaat het feite oor die danswerk herroep en sommige produksie-elemente en bewegings beskryf | Die kandidaat het die antwoord gedeeltelik met die aanhaling in verband gebring en ontleed en vertolk hoe Maqoma sy boodskap aan die gehoor oorgedra het deur sy gebruik van sommige produksie-elemente, bewegings en simboliek | Die kandidaat het die antwoord met die aanhaling in verband gebring en ontleed en vertolk hoe Maqoma sy boodskap aan die gehoor oorgedra het deur sy gebruik van produksie-elemente, bewegings en simboliek | Die kandidaat het 'n elegante en akkurate opstel geskryf wat ten volle met die aanhaling in verband gebring kan word en ontleed en vertolk hoe Maqoma sy boodskap aan die gehoor oorgedra het deur sy gebruik van produksie-elemente, bewegings en simboliek |

**OF**

**VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK (Keusevraag)**

Baie moontlike faktore sal deur kandidate genoem word. Die antwoord moet in opstelformaat wees en met die aanhaling verband hou:

> *Suid-Afrikaanse choreograwe is aan die voorpunt van die skep van innoverende danswerke wat die persepsies van die gehoor uitdaag.*

Gebruik professionele oordeel wanneer punte vir hierdie vraag toegeken word. Ken EEN punt per geskikte feit toe. Kandidate mag NIE oor die *Four Seasons* antwoord NIE.

| **FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Suid-Afrikaanse danswerk** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| Beskrywing van die dans | | | √ | | 4 | | |
| Produksie-elemente (herroep) | | | √ | | | 8 | |
| Bewegingswoordeskat (ontleed) | | | √ | | | | |
| Simboliek (vertolking) | | | √ | | | | 4 |

**ANTWOORDE KAN DIE VOLGENDE INSLUIT:**

***LAEVLAK-ANTWOORDE***

- 'n Beskrywing van die dans

***MEDIUMVLAK-ANTWOORDE***

- Produksie-elemente: Verduidelik hoe dit gehore se persepsies uitdaag:
  - Beligting
  - Stelskikking/Rekwisiete
  - Kostuums
  - Spesiale effekte
  - Musiek/Begeleiding

- Bewegingswoordeskat: Verduidelik hoe dit gehore se persepsies uitdaag:
  - Dinamiek
  - Gebare
  - Motiewe
  - Choreografiese elemente
  - Style

***HOëVLAK-ANTWOORDE***

- Simboliek: Verduidelik hoe dit gehore se persepsies uitdaag:
  - Beweging
  - Kleure
  - Musiek/Begeleiding
  - Kostuums
  - Gebruik van verhoogruimte/Inkleding/Rekwisiete
  - Spesiale effekte **[16]**

**NASIENRUBRIEK**

| 0–5 | 6–10 | 11–13 | 13–14 | 15–16 |
|---|---|---|---|---|
| Die kandidaat toon min begrip van die dans en kan nie die danswerk vertolk nie | Die kandidaat het feite oor die danswerk herroep en sommige produksie-elemente en bewegings beskryf | Die kandidaat het die antwoord gedeeltelik met die aanhaling in verband gebring en getoon hoe die choreograaf sommige produksie-elemente, beweging en simboliek gebruik om danswerke te skep wat die persepsies van die gehoor uitdaag | Die kandidaat het 'n opstel geskryf wat met die aanhaling in verband gebring kan word en toon hoe die choreograaf produksie-elemente, beweging en simboliek gebruik om danswerke te skep wat die persepsies van die gehoor uitdaag | Die kandidaat het 'n elegante, akkurate opstel geskryf wat ten volle met die aanhaling verband hou en toon hoe die choreograaf produksie-elemente, beweging en simboliek gebruik om danswerke te skep wat op die voorpunt is en die persepsies van die gehoor uitdaag |

**LET WEL:** Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12.
Sien slegs die EERSTE ANTWOORD na indien die kandidaat beide vrae beantwoord het.

**VRAAG 11: MARTHA GRAHAM (Keusevraag)**

Baie moontlike faktore sal deur kandidate genoem word. Gebruik professionele oordeel wanneer punte vir hierdie vraag toegeken word.
Ken EEN punt per geskikte feit toe.

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Martha Graham** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 11.1 Baanbreker van kontemporêre dans (noem) | | | √ | | | 3 | |
| 11.2 Invloede (herroep | | | √ | | 3 | | |
| begryp/verstaan) | | | | | | 3 | |
| 11.3 Beginsels/Kenmerke (ontleed) | | | √ | | | 5 | |

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
Kolpunte is gebruik om met nasien te help.

11.1 **Kandidate moet 'n paragraaf skryf om duidelik te toon waarom sy 'n baanbreker vir kontemporêre dans was:**

- Graham het teen die beperkings van klassieke ballet en ander dansvorms van daardie tyd gerebelleer en daarvan weggebreek omdat sy dit beperkend gevind het ten opsigte van storielyn/inhoud, die gebruik van kostuums, die tipes bewegings gebruik en hoe die danswerke opgevoer is.
- Sy wou danswerke skep wat beweging gebruik om werklike emosies en werklike lewenskwessies uitbeeld, nie sprokiesverhale soos in klassieke ballet wat mimiek gebruik om 'n storie oor te dra nie.
- Sy het 'n nuwe danstegniek ontwikkel wat die beperkende bewegings van klassieke ballet verwerp of aanpas het en die emosies van die danser aan die gehoor getoon het.
- Sy het die vloer en bolyf op nuwe maniere gebruik. (3)

11.2 **Kandidate moet DRIE sleutelfigure identifiseer en uitbrei oor hoe hulle 'n groot invloed op Graham se loopbaan as danser/choreograaf gehad het. Ken 1 punt toe vir identifisering en 1 punt vir uitbreiding. Moet NIE meer as DRIE voorbeelde nasien NIE.**

**VOORBEELD 1:**
**Graham se pa/vader** (1)

- Hy het baie invloed in haar lewe gehad aangesien sy baie van haar tegniek gegrond het op sy beginsel, nl. dat 'die liggaam nooit jok nie', wat sy aangeneem het. Hy was 'n dokter wat sy behandeling van pasiënte gegrond het op die wyse waarop hulle beweeg het. (1)

**VOORBEELD 2:**
**Louis Horst** (1)

- Hy was Graham se musikale direkteur en het haar smaak in musiek, kuns en die materiaal vir haar danswerke beïnvloed. Horst het Graham oor musikale vorm geleer en haar aangemoedig om die werk van kontemporêre komponiste te gebruik. Hy het verskeie partiture vir Graham geskep, onder meer *Primitive Mysteries* (1931), *Frontier* (1935) en *El Penitente* (1940). Hy was ook destyds een van die invloedrykste choreografie-onderwysers en sy klasse oor struktuur en vorm sou 'n groot invloed op haar choreografiese styl hê. (1)

**VOORBEELD 3:**
**Isamu Noguchi** (1)

- Hy was 'n Japanees-Amerikaanse beeldhouer en stelontwerper. Hy het stelle ontwerp wat Graham in die choreografie van haar werke geïnkorporeer het. Dit sou die manier waarop sy gechoreografeer het, asook die manier waarop stelle in die toekoms ontwerp sou word, beïnvloed.
- Enige ander geskikte voorbeelde. (1)

11.3 **Kandidate moet die VYF hoofkenmerke of -beginsels breedvoerig omskryf.** Graham het, waarna as die beginsel van sametrekking en ontspanning verwys word, ontwikkel. Haar bewegings het die bolyf as 'n emosionele middelpunt gebruik. Haar danswerk en choreografie het die dieptes van menslike emosies blootgelê deur bewegings wat abstrak, plofbaar, skerp, hoekig, ongelyk en direk was.

- Haar styl was natuurlike bewegings en het saam met swaartekrag, asemhaling en inspanning gewerk om werklike emosie en betekenis in haar bewegings te toon – 'om jou innerlike landskap bloot te lê'. Graham het onewewigtigheid, kantelings, spirale, vloerwerk, opposisie, teenstand en beweging wat uit die pelvis ontstaan, gebruik.
- Graham se temas het hoofsaaklik uit legendes en die letterkunde gekom en sy het hierdie temas gebruik om menslike emosies en gedrag te bestudeer/ondersoek. Graham se sentrale tema in die meeste van haar werke is die heldhaftige soeke – en haar soeker is altyd vroulik. Een van die redes hiervoor is dat sy die hoofrolle geskep het sodat sy dit self kon opvoer/dans.
- Sy het 'n universele taal geskep wat deur die gebruik van beweging, die vloer, verhoog, rekwisiete, kostuums en beligting, wat alles deel van die dans self was, gekommunikeer het.
- Graham was verantwoordelik vir die dans, kostuums en musiek vir al haar werke. Baie van haar kostuumontwerpe word vandag steeds gebruik en die manier waarop sy haar stelle ontwerp en haar ligte gebruik het, sou 'n invloed op toekomstige choreograwe hê.
- Enige ander geskikte antwoorde. (5)

**[14]**

**OF**

**VRAAG 12: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF (Keusevraag)**

Baie moontlike faktore sal deur kandidate genoem word. Gebruik professionele oordeel wanneer punte vir hierdie vraag toegeken word. Ken EEN punt per geskikte feit toe volgens die fokustabel.
**Kandidate mag NIE oor Martha Graham antwoord nie.**

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Internasionale choreograwe** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| 12.1 Noem die choreograaf | | | √ | | | | |
| 12.2 Bydraes (herroep) | | | √ | | 3 | | |
| 12.3 Invloede (ontleed) | | | √ | | | 6 | |
| 12.4 Beginsels (ontleed) | | | √ | | | 5 | |

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**Kolpunte is gebruik om met nasien te help.**

12.1 CHRISTOPHER BRUCE

12.2 **Kandidate moet DRIE hoofbydraes wat hy/sy op dansgebied gemaak het, beskryf.**
**Kandidate moet 'n paragraaf skryf.**
**Nota aan nasieners: Moenie choreograaf aanvaar as 'n bydrae nie, tensy daarop uitgebrei is.**

- Christopher Bruce se rol as een van Brittanje se toonaangewende choreograwe in beide ballet- en kontemporêre geselskappe is in Junie 1998 erken toe hy 'n toekenning as Kommandeur van die Orde van die Britse Ryk ('CBE') vir 'n leeftyd se dienslewering aan dans ontvang het.
- Bruce het meer as 20 werke vir die Rambert Company gechoreografeer en was mededirekteur en toe medechoreograaf.
- Bruce was regoor die wêreld in aanvraag as choreograaf. Hy het betrekkinge met die Nederlands Dans Teater, Royal Danish Ballet en die Houston Ballet aangeknoop en het musiekblyspele, operas, film en televisie gechoreografeer.
- Bruce was van 1994 tot 2002 die direkteur van die Rambert Dance Company en in hierdie rol het hy opdrag gegee vir baie nuwe werke deur beroemde internasionale choreograwe soos Merce Cunningham (VSA) en Jiri Kylian (Nederland). (3)

12.3 **Kandidate moet DRIE hoofinvloede identifiseer wat 'n groot impak op sy/haar loopbaan as danser en choreograaf gehad het en breedvoerig daarop kommentaar lewer. Ken 1 punt toe vir identifisering en 1 punt vir uitbreiding. Moet NIE meer as DRIE voorbeelde nasien NIE.**

- Bruce het as kind polio opgedoen en sy vader het hom laat dansklasse bywoon om sy bene te versterk. Dit het 'n groot invloed op sy toekomstige loopbaan gehad.
- Hy het klas geneem by die Benson Stage Academy in Scarborough waar hy ballet, klopdanse en akrobatiese danse geleer het. Elemente van al hierdie vroeë style het sy choreografie beïnvloed en is duidelik in sy choreografie.
- Bruce se choreografiese talente is deur die Rambert Company geïnspireer en aangemoedig. Die geselskap het 'n reputasie gehad dat hulle jong choreograwe ondersteun/gedra het en die verskeidenheid en eksperimentering van die werk van die geselskap het Bruce se natuurlike talent gestimuleer. Hy word beskou as die laaste choreograaf wat deur die geselskap se stigter, Marie Rambert, ondersteun/gedra is.
- Die artistieke direkteur, Norman Morrice, het in 1966 Rambert omskep om ook kontemporêre werk by die repertorium in te sluit. Dit sou die weg vir Bruce baan om in een van die wêreld se voorste kontemporêre balletchoreograwe te ontwikkel.
- Enige ander geskikte antwoorde. (6)

12.4 **Kandidate moet breedvoerig skryf oor VYF van die hoofkenmerke of -beginsels wat sy/haar danstegniek en -styl definieer.** Bruce se bewegingswoordeskat kom uit klassieke ballet en kontemporêre dans, veral die Graham-tegniek wat 'n groot deel van sy opleiding gevorm het.

- Sy choreografie put uit ander dansstyle, naamlik volks- en sosiale danse en klopdanssekwense na gelang van die idees agter die werk. Alledaagse bewegings word geïnkorporeer en gebare word dikwels gebruik.
- Bruce se gebruik van produksie-elemente sluit 'n groot verskeidenheid musiek in, van klassiek tot folk tot populêre deuntjies. In *Rooster* (1991) gebruik hy van die Rolling Stones se musiek. Kostuums, beligting en ontwerp dra by tot die ontwikkeling van sy idees, maar dit is vir Bruce belangrik dat hierdie elemente bewegingsvryheid toelaat en nie die aandag van die choreografie aftrek nie.
- Bruce skram weg van die skryf van programnotas of maak spesifieke stellings oor die idees agter sy werk aangesien hy verkies dat 'n gehoor die werk op hulle eie manier moet vertolk.
- Sy werke het gewoonlik 'n duidelike tema en daar is 'n sterk karaktergevoel, maar ruimte word gelaat vir individuele vertolking. Sy werke het dikwels 'n verhalende kenmerk of 'n soort onderwerp.
- Bruce pak dikwels politieke en sosiale temas in sy choreografie aan en sy werk ontwikkel gewoonlik uit 'n spesifieke stimulus soos musiek, kuns of skryfwerk. Met die herbewerking van sy gekose tema abstraheer (onttrek) hy die idee eerder as om dit op 'n letterlike wyse te vertolk.
- Enige ander geskikte antwoorde. (5)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou